# NOTULE / BESLUITELYS

## ALGEMENE RAADSVERGADERING

**DATUM:** 6 MAART 2018
**TYD:** 09:00
**PLEK:** LAFARGE-ONTSPANNINGSKLUB, LICHTENBURG

AGRI NW

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| **1.** | **OPENING** | | |
| | Ds Deiwe Pieterse open met Skriflesing en gebed. Boodskap: "Volg Hom want Hy is die pad!" | | |
| **2.** | **VERWELKOMING** | | |
| | Die Voorsitter, mnr Pierre Vercueil, heet almal hartlik welkom, maar in die besonder vir ds Tewie Pieters, die persone wat vir die eerste keer 'n Algemene Raadsvergadering bywoon, nuutverkose Voorsitters van Affiliasies, persone van Vodacom en mnre Piet Theron en Michael Seiderer.<br>Mnre Jack Rossouw — Agri Klippan<br>Jan Pretorius — Agri Sannieshof<br>Sarel Haasbroek — Agri Greater Taung<br>Piet Theron — Spreker<br>Michael Seiderer — Spreker<br>H de Wet — Vodacom<br>Personeel — Vodacom<br>Ds Tewie Pieters | | |
| **3.** | **ORDEREËLINGS** | | |
| | Mnr Du Toit hou die Ordereëlings aan die vergadering voor. | | |
| **4.**<br>**4.1** | **PERSONALIA EN MOSIES**<br>**LEEDMOSIES** | | |
| | Mosie van leedwese en meegevoel word betoon met die boere, mense en hul families wat in plaasaanvalle of moorde die afgelope jaar afgesterf het. | | |
| **4.2** | **VREUGDEMOSIE** | | |
| | Mosie van dankbaarheid vir die goeie reëns wat die afgelope tyd ontvang is in die Provinsie, die oeste op die lande en weidings wat verbeter het. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| **4.3** | **VERJAARSDAGWENSE** | | |
| | Gelukwense aan:<br>▪ Mnr Paul du Plessis, 1 Junie | | |
| **5.** | **PRESENSIE EN VERSKONINGS** | | |
| | Teenwoordig:<br>Presensielys aangeheg.<br>Verskonings:<br>Mnre Johan Venter — Finansies<br>Nicol Muller — Agri Molopo<br>Paul Du Plessis — Agri Ottosdal<br>Thys Potgieter — Agri Soetdoring<br>Leon Bellingan — Uitvoerende Komitee / Agri Vryburg<br>Eric van Wyk — Kommersiële Komitee / Elektrisiteit<br>Theo Rabe — NWK Beperk<br>Dr Herman van Schalkwyk — Suidwes Landbou<br>Me Tilla Jansen van Vuuren — Agri Wolmaransstad | Bls 18 - 23 | |
| **6.** | **FINALISERING VAN DIE SAKELYS: AANVULLENDE SAKE: PUNT 15** | | |
| | Geen. | | |
| **7.** | **NOTULE / BESLUITELYS EN PRESENSIELYS VAN VORIGE VERGADERING: 2017-10-24** | | |
| | Die Besluitelys / Notule word op voorstel van mnr Fanie Smit gesekondeer en deur mnr Daan van der Merwe goedgekeur, nadat die volgende regstelling aangebring is:<br>Bls 16, Punt 16.2 – Mnr AC van Wyk wees in plaas van AC van Dyk. | | |
| **8.**<br>**8.1** | **SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE VORIGE NOTULE / BESLUITELYS**<br>**SAKE VOORTSPRUITEND UIT DE VORIGE NOTULE / BESLUITELYS VIR BESPREKING IN DIE SAKELYS** | | |
| | Die onderskeie punte sal onder die punt wat daarvan vvan toepassing is bespreek word. | | |
| **9.** | **FINANSIES EN AFFILIASIEGELD** | | |
| | Mnr Cobus van Zyl lig die Raadslede in oor die Finansies:<br>*Uitstaande 2017/18-Affiliasiegelde:*<br>▪ U aandag word weer eens daarop gevestig dat die lede nié gedurende 'n finansiële jaar vanaf Ledelyste verwyder kan word en die begroting sodoende omver gegooi word nie. Die oplossing en antwoord bly steeds dat so 'n lid skriftelik sal bedank of in geval van dood of ander onvermydelike omstandighede deur die Bestuur van die Affiliasie, skriftelik gemotiveer sal word. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ Ooreenkomstig 'n Kongres- en Algemene Raasbesluit bly Affiliasies steeds verantwoordelik vir die affiliasiegeld van alle lede wat op 1 Augustus van 'n finansiële jaar op hul Ledelys verskyn, ongeag die omstandighede van daardie lede.<br>▪ Affiliasiegeldinvorderings en -oorbetalings bly die verantwoordelikheid van Affiliasies.<br>▪ Daar is heelwat Affiliasies wat nog uitstaande 2017/18-Affiliasiegeld het. Die uitstaande bedrag op die werklike- teenoor die begrote inkomste beloop R1 Miljoen.<br>▪ Affiliasies ontvang maandeliks rekenings vanaf Hoofkantoor wat die uitstaande bedrag plus 15% rente aandui.<br>▪ Agri NW se hoofrisiko is hul ledetal wat sal moet vermeerder, aangesien daar kostestygings is en die Affiliasiegeldinkomste die hoofbron van inkomste is. Indien die ledetal vermeerder kan dit meebring dat die affiliasiegeld moontlik nie buitensporig verhoog nie.<br>▪ Die beraamde verhoging vir die 2017/18-Affiliasiegeld is 7%.<br>*BTW-Fakture:*<br>▪ Die Affiliasies se verantwoordelike persoon wat die BTW-Fakture gaan uitreik kan 'n BTW-Boek afhaal of laat afhaal by Agri NW-Hoofkantoor, wat deur Agri NW laat druk word..<br>▪ Affiliasies reik hul lede se BTW-Fakture uit vir die oorbetalings wat die Affiliasie namens hul lede doen.<br>▪ Affiliasies versoek word om die BTW-Fakture . volledig te voltooi en die voorgeskrewe prosedure volg vir die terugsending en rekonsiliëring van die oorbetalingsbedrag een die BTW-Fakture se totale bedrag.<br>*Tweemaandelikse BTW:*<br>▪ Oudit van tweemaandelikse BTW-transaksies het geen probleme opgelewer nie.<br>*Rekonsiliasie van Ledelyste:*<br>▪ Affiliasies word versoek om hul lede se 2018/19-Ledelyste volledig te voltooi. Daar is heelwat Affiliasies se Ledelyste wie se lede se Identiteitsnommers, noemname en kontakbesonderhede ontbreek. Veral die E-posadresse en selfoonnommers se korrektheid is belangrik, aangesien dit deur die Hoofkantoor gebruik word vir kommunikasie met die lede.<br>▪ Die gerekonsilieerde 2018/19-Ledelyste móét voor óf op 31 Mei 2018 aan die Hoofkantoor terugbesorg word, sodat die finale ledetalle gebruik kan word vir die finale Begroting wat tydens Junie se Algemene Raadsvergadering goedgekeur moet word..<br>▪ Indien die Hoofkantoor nie voor óf op die sperdatum van u hoor nie, sal die ledetal soos dit op 1 Augustus van die huidige finansiële jaar (2017/18) op u Ledelys verskyn as die korrekte ledetal aanvaar word. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ U aandag word weer eens daarop gevestig dat die lede nié gedurende ŉ finansiële jaar vanaf Ledelyste verwyder kan word en die begroting sodoende omver gegooi word nie. Die oplossing en antwoord bly steeds dat so ŉ lid skriftelik sal bedank of in geval van dood of ander onvermydelike omstandighede deur die Bestuur van die Affiliasie, skriftelik gemotiveer sal word. | | |
| | *<u>Agri NW-Studiebeursskema:</u>* | | |
| | Mnr Cobus van Zyl meld dat: | | |
| | ▪ Die Konsep Reglement vir die Agri NW-Studiebeursfonds is opgestel en as los dokument beskikbaar gestel aan die vergadering vir hul insette en terugrapportering tydens die Junie-Raadsvergadering, sodat die Reglement dan goedgekeur kan word. | | |
| | ▪ Die bedrag wat tans beskikbaar is tot einde Januarie 2018 beloop R128 000. Die opgelope bedrag op 31 Julie 2018 sal R220 000 beloop. | | |
| | ▪ Daar word beoog om die eerste toekenning n 2019 te maak. | | |
| | *<u>Borge</u>* | | |
| | ▪ ŉ Groot poging moet aangewend word om Borge te werf vir die onderskeie aksies van Agri NW, sodat dieselfde borge nie deurentyd gebruik word nie. | | |
| | *<u>Agri SA Grond- & Omgewingsfonds:</u>* | | |
| | ▪ Hoofkantoor het ‘n E-pos aan die Affiliasies uitgestuur waarop die bedrag foutiewelik betaalbaar aan Agri SA per Landbouvereniging (Munisipale of Plaaslik)/ uiteen gesit is. | | |
| | ▪ Hierdie bedrae moet per Affiliasie aan Agri NW oorbetaal word, wat dan die fondse aan Agri SA sal oorbetaal. | Affiliasies / Agri NW | |
| | ▪ Affiliasies versoek word om volledig rekord te hou van hul lede se oorbetalings. | Affiliasies | |
| | *<u>Hersiening van Honorariums:</u>* | | |
| | Die algemene gedagte is om die totale bedrag van die Honorarium met tyd te verminder, maar dit aan meer hardwerkende Komiteevoorsitters toe te ken. | | |
| | **<u>BESLUITE:</u>** | | |
| | *<u>Affiliasiegeld:</u>* | | |
| (a) | ŉ Dringende beroep op Affiliasies gedoen word om hul uitstaande 2017/18-Affiliasiegelde so spoedig moontlik te vorder en oor te betaal. | Affiliasies | Deurlopend |
| (b) | Affiliasies kan vir Hessie by Agri NW-Hoofkantoor skakel indien hulle meer wil weet oor die uitstaande affiliasiegelde. | Affiliasies | Deurlopend |
| (c) | Die 2018/19-Affiliasiegeld is gebaseer op ŉ 7% verhoging, wat as basis gebruik is vir die opstel van die 2018/19-Konsepbegroting. | Affiliasies / Lede | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| (d) | Die hantering van BTW-Fakture, betaling en bestuur van ledegeld, ensovoorts is en bly ŉ groot kopseer. Die Komitee is besig om aan 'n voorstel te werk om hierdie situasie te verbeter. Die teikendatum vir bespreking en goedkeuring deur die Algemene Raad is Junie 2018. Affiliasies sal op hoogte gehou word en voldoende konsultasie met Affiliasies sal plaasvind. Die bestaande werkswyse sal ten minste tot en met die einde van die finansiële jaar gevolg word. | Fin Komitee | 2018-06-19 |
| | *<u>Ledewerwing:</u>* | | |
| (e) | Affiliasies word versoek om moeite te doen met ledewerwing; | Affiliasies | Deurlopend |
| (f) | Die waarde wat Lidmaatskap dra moet uitgedra word byvoorbeeld Droogtehulp, Plaasveiligheid, Beleidsbeïnvloeding, ensovoorts. | | |
| | *<u>Borge</u>* | | |
| | ŉ Groot poging moet aangewend word om Borge te werf vir die onderskeie aksies van Agri NW, sodat dieselfde borge nie deurentyd gebruik word nie. | | |
| | *<u>PWC:</u>* | | |
| (g) | Affiliasies versoek word om die BTW-prosedures en vereistes aan hul Sekretarisse / Sekretaresses en lede oor te dra en stiptelik na te kom. | Affiliasies / Lede | Deurlopend |
| (h) | PWC gaan voort met die Artikel 18A-Registrasie. Hierdie registrasie kan help dat donateurs donasies vir belasting kan aftrek. | PWC / Artikel18A-Registrasie | |
| (i) | "*Benchmark*-analise": Mnr Adlam is nog besig om vergelykende syfers van ander Provinsiale Unies bymekaar te maak. | J Adlam | So gou moontlik |
| | *<u>Rekonsiliasie van Ledelyste deur Affiliasies:</u>* | | |
| (j) | Rekonsiliasie van Ledelyste is baie belangrik en moet noukeurig gedoen word deur Affiliasies. | Affiliasies | |
| (k) | Hoofkantoor moet doelgerig opvolg met Affiliasies se rekonsiliasie van hu Ledelyste. | Hoofkantoor | 2018-05-31 |
| (l) | Affiliasies word versoek om die ontbrekende inligting van hul lede soos die lede se Identiteitsnommers, noemname, selfoonnommers en E-posadresse op die rekonsiliasie van die 2018/19-Ledelyste aan te bring. | Affiliasies | 2018-05-31 |
| (m) | Die gerekonsilieerde 2018/19-Ledelyste móét voor óf op 31 Mei 2018 aan die Hoofkantoor terugbesorg word, sodat die finale ledetalle gebruik kan word vir die finale Begroting wat tydens Junie se Algemene Raadsvergadering goedgekeur moet word. | Affiliasies | 2018-05-31 |
| (n) | Die ledetal is redelik konstant. Geen dramatiese afname te bespeur nie. Die tendens moet dopgehou word sodat aktief opgetree kan word indien ŉ ernstige afname waargeneem word (jaarliks begin Junie voor die goedkeuring van die Begroting). | Fin Komitee | Deurlopend Jaarliks Junie |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| (o) | Indien die Hoofkantoor nie voor óf op die sperdatum van u hoor nie, sal die ledetal soos dit op 1 Augustus van die huidige finansiële jaar (2016/17) op u Ledelys verskyn as die korrekte ledetal aanvaar word. | Affiliasies | 2018-05-31 |
| | *Agri NW-Studiebeursfonds:* | | |
| (p) | *Die Konsep Reglement vir die Agri NW-Studiebeursfonds is aan die vergadering beskikbaar gestel.* | | |
| | *Affiliasies moet hul insette beskikbaar stel aan die Junie-Raadsvergadering.* | Affiliasies / Lede | 2018-06-19 |
| (q) | *Die uitgawe-item op die Begroting sal aangedui word as Studiebeursfonds.* | | |
| | *Agri SA Grond- & Omgewingsfonds:* | | |
| (r) | Affiliasies versoek word om so gou moontlik hul bydraes aan Agri SA Grond- & Omgewingsfonds oor te betaal aan Agri Noordwes. | Affiliasies | 2018-03-31 |
| (s) | Agri NW sal die fondse wat ontvang is van die Affiliasies vir Agri SA se Grond- & Omgewingsfonds oorbetaal aan Agri SA. | Agri SA | Soos fondse ontvang word |
| | *Borge* | | |
| (t) | ŉ Groot poging moet aangewend word om Borge te werf vir die onderskeie aksies van Agri NW, sodat dieselfde borge nie deurentyd gebruik word nie. | | Deurlopend |
| | *Verlof van Personeel* | | |
| (u) | ŉ Verlofregister word bygehou deur die Hoofkantoor. | Hoofkantoor | Word so hanteer |
| (v) | Geen verlof mag opgehoop word nie en word ook nie uitbetaal nie. Verlof word slegs uitbetaal indien ŉ personeellid sy/haar diens beëindig. | Hoofkantoor | Word so hanteer. |
| (w) | Die Verlofbeleid is dienooreenkomstig aangepas en aan die Finansiële Komitee voorgelê vir hul goedkeuring op 14 Februarie 2018. | Fin Komitee Aangepaste Verlofbeleid goedgekeur | 2018-02-14 |
| | *Hersiening van Honorariums:* | | |
| (x) | Die algemene gedagte is om die totale bedrag van die Honorarium met tyd te verminder, maar dit aan meer hardwerkende Komiteevoorsitters toe te ken. Die Finansiële Komitee is besig om te werk aan voorstelle vir goedkeuring in hierdie verband. | Fin Komitee | |
| (y) | Die teikendatum vir goedkeuring is Maart tot Junie 2019. | Fin Komitee | Jun 2019 |
| **10.** | **HOOFKANTOORBESTUUR** | | |
| **10.1** | **BESTUUR EN ADMINISTRASIE** | | |
| **10.1.1** | **INDIENING VAN REORGANISASIEVORMS** | | |
| | **BESLUITE:** | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| (a)<br><br><br>(b) | Affiliasies word versoek om hul Affiliasiebesture se kontakbesonderhede deur middel van die Reorganisasievorm aan die Hoofkantoor deur te gee, so spoedig moontlik nadat reorganisasie plaasgevind het.<br>Keerdatum vir indiening van Reorganisasievorms: Jaarliks 23 Julie. | Affiliasies<br><br><br>Keerdatum | <br><br><br>Jaarliks 23 Julie |
| **10.1.2** | **AGRI NW-STRATEGIE EN STRUKTUUR IN HEROORWEGING** | | |
| <br><br><br><br><br><br><br>(a) | Voorstel:<br>▪ Dagbestuur en Komiteevoorsitters die voorstel breedvoerig bespreek en aanbeveel by Algemene Raad vir goedkeuring.<br>▪ Behoort 'n kostebesparing teweeg te bring vir Agri NW.<br>▪ Heroorweeg Streeksverteenwoordigers.<br>▪ Direkte betrokkenheid van Affiliasies by Munisipaliteite speel groot rol.<br>**<u>BESLUITE:</u>**<br>Hoofkantoor sal die detailbesonderhede van die voorstel per E-pos aan die Affiliasies stuur. | <br>Alg Raad<br><br><br><br><br><br>P du Toit | <br>Behoor |
| **10.1.3** | **JAARKONGRES** | | |
| | Affiliasies neem kennis van die Jaarkongresinligting:<br>▪ Datum: 14 September 2018 (slegs een dag)<br>▪ Plek: NWK-Opleidingsentrum, Lichtenburg<br>▪ Voorlopige Tema: Strategiese Vennootskappe (SEB-toepassing).<br>▪ Sprekers: Mnr Leon Louw / Prof Karaan en dr John Purchase<br>▪ Dinee: 14 September 2018, Lafarge-Ontspanningsklub - 18:30 vir 19:00 | | |
| **10.1.4** | **AGRI NW INTERPROVINSIALE GHOLFDAG** | | |
| <br><br><br><br><br><br><br>(a)<br>(b) | Affiliasies neem kennis van die volgende Gholfdag-inligting:<br>▪ Datum: 15 September 2018<br>▪ Plek: Leopard Park, Mahikeng<br>▪ Interprovinsiale Gholfdag wees - ander Provinsies gaan ook spanne inskryf en hoofsaaklik lede.<br>▪ Prysuitdeling en sosiale geleentheid na afloop van die Gholfdag.<br>▪ Die Komitee bestaan uit: Mnre Willem de Chavonnes Vrugt en Kobus van Zyl.<br>**<u>BESLUITE:</u>**<br>Inskrywings sal deur Agri NW hanteer word.<br>Inskrywingsgeld sal vasgestel en aan Affiliasies deurgegee word. | <br><br><br><br><br><br><br>Agri NW – M Fritz<br>Hoofkantoor | <br><br><br><br><br><br><br><br>So gou moontlik |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| (c) | Affiliasies word versoek om verbeteringsvoorstelle aan Agri NW-Hoofkantoor deur te gee en die Gholfdag te bemark by hul Affiliasies en produsentelede; | Affiliasies | Deurlopend |
| (d) | Affiliasies word versoek om putjies te borg en te beman.  Affiliasies kan verskaffers kry om die putjie te borg. | Affiliasies<br>Borge | Deurlopend |
| (e) | Affiliasies versoek word om deel te neem aan die Agri NW-Gholfdag en dat Affiliasies hul produsente-spanne so spoedig moontlik inskryf.  Dit is sleg as die Landbouverskaffers die putjies borg en meeste van die spelers nie produsente is nie. | Affiliasies / Produsente | Deurlopend |
| (f) | Affiliasies en produsente word versoek om behulpsaam te wees met die verkryging van skenkings van pryse in die vorm van slagskape, jagnaweke, jagpryse soos wildsbokke, ensovoorts. | Affiliasies / Produsente | Deurlopend |
| **11.** | **AGRI NW-JONGBOERVERENIGING** | | |
| | Mnr Gideon van Zyl lig die vergadering in oor:<br><u>Jongboer van die Jaar</u>:<br>Daar is vier Inskrywings vir Jongboer van die Jaar ontvang, waarvan net drie Finaliste gekies is.<br>Die Finaliste vir die Jongboer van die Jaar is:<br>➢ Marnus Bothma Agri Setlagole<br>➢ JP van den Berg Agri Moloporivier<br>➢ Gerhard Strydom Agri Rysmierbult<br>Die Jongboerbeoordeling word op 22 en 23 Maart 2018 gedoen.<br><u>Jongboerkonferensie:</u><br>Datum: 20 April 2018<br>Plek: Uurpan Safari Lodge, Schweizer-Reneke<br>Registrasie: 07:30 tot 08:30<br>Tyd: 08:30 tot 15:00<br>Tema: Verandering, Innovasie en Kreatiwiteit sleutels vir sukses in elke Boerdery<br>Dinee: 18:30 vir 19:00<br><u>Jongboertoer</u>:<br>▪ Die Jongboertoer word gehou op 10 & 11 April 2018.<br>**<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (a) | Die detailbesonderhede en kostes van die Jongboertoer sal aan die Affiliasies deurgegee word. | Hoofkantoor | |
| (b) | Die Opleidingsdae se datums en detailbesonderhede sal aan die Affiliasies deurgestuur word. Die kursusse word beplan vir Mei / Junie 2018. | Hoofkantoor | |
| (c) | Die Senwes Toekomsfokusdag se datum sal aan die Affiliasies deurgegee word sodra dit ontvang is. | Hoofkantoor | |
| (d) | Affiliasies word versoek om ’n Jongboerverteenwoordiger by hul Affiliasie aan te wys en die Kontak-besonderhede aan die Hoofkantoor deur te gee. | Affiliasies | Duerlopend |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| **12.**<br>**12.1** | **AGRI NW-SPESIALITEITSKOMITEES**<br>**KOMMUNIKSIE & BEELDBOUKOMITEE** | | |
| | Mnr De Chavonnes Vrugt meld dat kommunikasietegnologie baie verbeter het.<br><u>KENNISAME:</u><br><u>*Webblad:*</u><br>▪ Die Webblad is deur *Infoworks* aangepas en verbeter en goeie vordering is gemaak.<br>▪ Dit was moeilik meetbaar in die verlede, maar daar is nou maandeliks verslae beskikbaar.<br>▪ Wend die webtuiste aan om doeltreffend elektronies met lede, belanghebbendes en die algemene publiek te kommunikeer;<br>▪ Dit word gedoen deur die inhoud van die webwerf **deurlopend by te werk** sodat die webtuiste 'n **op-datum weerspieëling** is van Agri NW se werksaamhede op verskeie vlakke;<br>▪ Oop gedeelte asook My Agri NW (lede log-in);<br>▪ Koördineer bywerking en goedkeuring van inhoud: Me Wanda Potgieter: Stuur dit vir Wanda!;<br>▪ Opdatering teks, foto's of videogrepe: tweeweekliks;<br>▪ Stuurkomitee vergader ses keer per jaar;<br>▪ Analise van unieke besoekers, tyd spandeer en gewildste afdelings tweemaandeliks geëvalueer; en<br>▪ Nuuswenke-dokument: Komitees; Affiliasies.<br>▪ <u>Aanlyn en *Facebook*</u>:<br>▪ Oordrag van inligting aan belangegroepe;<br>▪ Skep bewustheid van Agri NW-handelsmerk en verhoog blootstelling aan huidige en potensiële lede;<br>▪ Opvoeding van teikengehore oor impak van Agri NW;<br>▪ Benut *Facebook* om 'n Agri NW aanlyn-gemeenskap op te bou vir groter lojaliteit en verhoogde kommunikasie onder lede;<br>▪ Demonstreer Agri NW se deelname aan gemeenskapsbou en sleutelbetrokkenheid in die Landbou-gemeenskap;<br>▪ Vestig 'n groeiende gemeenskap van besoekers aan die webtuiste wat verteenwoordigend is van Agri NW se ledetal en invloedsfeer; en<br>▪ Optimalisering en opsigte van soekenjins met die doel om Agri NW se aanlyn-netwerk so wyd moontlik uit te brei.<br>▪ <u>*Facebook*</u> | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ Agri NW inkorporeer **sosiale media** in sy pakket van kommunikasiemediums, maar verkies om dit tans tot ***Facebook*** te beperk;<br>▪ Hoewel onderwerpe van **algemene belang** vir Agri NW se teikengehore oorweeg sal word vir plasing, is die uitgangspunt om plasings **aktueel, relevant** en verkieslik **eie aan Agri NW** en sy aktiwiteite/aksies te hou en **tydig** op navrae of kommentaar **te reageer**;<br>▪ *Facebook* is ook lewendig op die webtuiste se tuisblad;<br>▪ Opdatering teks, foto's of videogrepe;<br>▪ Omdraaityd van agt ure of een werksdag nadat 'n instruksie van Agri NW ontvang is;<br>▪ Administrateurs: Wanda Potgieter, Boeta du Toit, Naudé Pienaar en *Infoworks*;<br>▪ Nuuswenke-dokument: Komitees; Affiliasies; en<br>▪ Koördineer bywerking en goedkeuring van inhoud: Me Wanda Potgieter: Stuur dit vir haar aan na wanda@agrinw.co.za.<br>*Whatsapp-Broadcast List*:<br>▪ Inligting kan met hierdie *Whatsapp-Broadcast List* direk by lede uitgebring word.<br>▪ Lid móét Agri NW Komms se selfoonnommer 066 208 4880 op sy selfoon stoor.<br>▪ Lede kan slegs die boodskap sien, maar geen kommentaar van ander lede nie.<br>▪ Lede sal soms versoek word om dalk terug te rapporteer oor belangrike sake soos reënval-toestande in onderskeie streke.<br>▪ *Junk Whatsapps* kan glad nie op hierdie groep gestuur word nie.<br>▪ Spoed is van kritiese belang en daar moet sterk sein wees.<br>*Vodacom:*<br>▪ Mnr Christo de Wet van Vodacom spreek die vergadering toe en doen 'n *Powerpoint*-aanbieding oor Vodacom.<br>▪ Vandalisme is die grootste probleem in die Noordwes Provinsie.<br>▪ Batterye is die groot teiken. Dit word verkoop of gesmelt om die lood te verkoop. Dit is baie duur om te vervang.<br>**BESLUITE:**<br>**Webblad**: | | |
| (a) | Die Webblad is ten volle aktief en Affiliasies word versoek om noemenswaardige inligting aan Agri NW-Hoofkantoor deur te gee vir plasing op die Web; | Affiliasies | Deurlopend |
| (b) | Produsente word versoek om die Webblad te besoek en om medeprodusente daarvan bewus te maak; | Produsente | Deurlopend |
| (c) | Skakel met Hoofkantoor indien probleme ondervind word om op te webblad aan te teken. Verlangde inligting om aan te teken: Lid se E-posadres en Lidnommer. | Hoofkantoor | Deurlopend |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| (d) | Plasing van inligting op Webblad. Koördineer bywerking en goedkeuring van inhoud met me Wanda Potgieter by telefoonnommer 018*632 3612 / 3624 / 2987 of E-pos na wanda@agrina.co.za. | W Potgieter | Deurlopend |
| | ***Broadcast-List*:** | | |
| (e) | ʼn Uitsendingslys laat jou toe om met al jou kontakte gelyk te kommunikeer, maar moet op almal se foon as Agri NW gestoor word op die selfoon van die lid. Ontvangers ontvang sy boodskap dan direk vanaf Agri NW. Ontvangers weet ook nie wie almal die boodskap ontvang het nie en weet nie dat dit gestuur is as deel van ʼn uitsendingslys nie. Wanneer hulle reageer, reageer hulle slegs individueel op jou uitsending. In hierdie sin werk dit soos die *Bcc*-funksie (blinde koolstof-kopie) in ʼn E-pos. | | |
| (f) | Ten einde vir spesifieke kontakte om u uitsaaiboodskap te ontvang, moet hulle jou selfoonnommer in hul adresboeke gestoor hê. Dit stel gebruikers in staat om te beheer van wie hulle uitsendingsboodskappe wil ontvang. Hierdie opsie sal verder ondersoek word. | Lede / Hoofkantoor | So gou moontlik |
| (g) | Affiliasies/Lede word versoek om Agri NW Komms se selfoonnommer 066 208 4880 op hulle selfone te stoor. | Agri NW selnommer 066 208 4880 | Deurlopend |
| (h) | Elke Spesialiteitskomiteevoorsitter sal self besluit oor die stigting van *Whatsapp*-groepe vir deurgee van belangrike inligting per *Whatsapp*. | Spesialiteitvoorsitter | Deurlopend |
| (i) | Dit is van groot belang dat ʼn spesifieke persoon in beheer van *Whatsapp*-groepe moet wees om boodskappe te koördineer/redigeer en toe te sien dat die inhoud toepaslik is vir plasing. Streng reëls moet toegepas word ten opsigte van hierdie groepe om te verseker dat dit effektief aangewend word. Hierdie taak gaan aan die Spesialiteitskomiteevoorsitters oorgelaat word, wat self sal besluit of hy dit gaan gebruik of nie. | Spesialiteitvoorsitter | Deurlopend |
| | **Vodacom:** | | |
| (j) | Indien klagtes telefonies by Vodacom aangemeld is en ʼn verwysingsnommer verkry is, moet dit op die Klagte Aanmeldingsvorm aangeteken word. | Klagte Aanmeldingsvorm | Deurlopend |
| (k) | Rapportering van diefstal of beskadiging van torings of enige ander klagtes moet skriftelik op Agri NW se Klantenavraagvorm – Inligtingskommunikasietegnologie deurgestuur word aan Naude Pienaar by 082 776 8283 / naudepienaar@vodamail.co.za of na Hoofkantoor per E-pos na hessie@agrinw.co.za, wat dit dan sal aanstuur aan mnr Christo de Wet van Vodacom. | Lede / Affiliasies / Hoofkantoor | Deurlopend |
| (l) | Hoofkantoor sal die Klagtenavraagvorm – Inligtingskommunikasietegnologie aan die Affiliasies per E-pos stuur, sodat hulle dit aan hulle lede beskikbaar kan stel vir die aanmelding van klagtes. | Hoofkantoor | So gou moontlik |
| (m) | Mnr Pienaar het reeds ʼn opsomming gemaak van klagtes wat van Affiliasies af ontvang is en aan mnr De Wet deurgee. | N Pienaar | Afgehandel |
| (n) | Kortliks terugrapporteer (± 15 minute) tydens Algemene Raadsvergaderings. | Terugrapporteer tydens Alg Raadverg | Deurlopend |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| (o) | Mnr Christo de Wet sal so spoedig moontlik terugvoering gee oor die klagtes wat hy reeds ontvang het. | C de Wet | So gou moontlik |
| **12.2** | **ARBEID- & MAATSKAPLIKE KOMITEE** | | |
| | Mnr Cobus van Zyl doen kortliks verslag:<br>▪ Komiteevergaderings gaan in die toekoms met Werksessies vervang word<br>▪ ŉ Baie geslaagde Arbeid- en Grond Werksessie is gehou op 18 Januarie 2018 en die onder-genoemde sprekers het opgetree. Die Voorleggings is beskikbaar op die Webblad.<br>➢ Mnr Christo van der Rheede en Jahnie de Villiers van Agri SA; en<br>➢ Christo Bester van die LWO.<br>*Nasionale Minimum Loon:*<br>▪ Konsep Nasionale Minimum Loon Wet tans vir kommentaar en goedkeuring by Nasionale Raad van Provinsies.<br>▪ Nasionale minimum loon tree op 1 Mei 2018 in werking.<br>▪ Nasionale minimum loon en Arbeidswetgewing is nie onderhandelbaar nie en dus moet die Nasionale minimum loon en Arbeidswetgewing as besigheidsrisiko proaktief aangespreek word.<br>▪ Aflegging van werkers na 1 Mei 2018 gaan nie maklik wees nie.<br>▪ LWO Werkgewersorganisasie sukses persentasie by KVBA verrigtinge om arbeidsrisiko's aan te spreek: 99,994%<br>*Sektorale Vasstelling:*<br>Sektorale Vasstelling 13:<br>Huidige tarief: R15.39 (Plaaswerkers)<br>1 Maart 2018: R15.39 + VPI + 1% (VPI gemiddeld 2017: 5,49%)= R16.39<br>Nasionale minimum loon<br>1 Mei 2018: 90% van R20.00 = R18.00 (Plaaswerker)<br>Verhoging van ±17%<br>Maand loon: Sektorale Vasstelling<br>R15,39 x 45 x 4.333 = R3 001,13<br>Minus behuising (10%) = R 300,11<br>Minus voedsel (10%) = R 300,11<br>Loon Uitbetaling = R2 400,91<br>Maand loon: Nasionale minimum loon<br>R18,00 x 45 x 4.333 = R3 600,00<br>Minus behuising (10%) R 360,00<br>Minus voedsel (10%) R 360,00<br>R2 880,00<br>**BESLUITE:** | | |
| (a) | Lede hulself bemagtig met die dokumentasie wat beskikbaar is op Agri NW se Webblad onder Spesialiteitskomitee: Arbeid- & Maatskaplike Komitee / 18 Januarie 2018 Werksessie / Voorleggings. | Affiliasies / Webblad | Deurlopend |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| (b) | Lede versoek word om die regte prosedures te volg en al hul Arbeidswetgewingdokumentasie van hul werkers in plek moet wees voor 1 Mei 2018. | Lede | Deurlopend |
| (c) | Administrasie moet ten alle tye op datum wees. Byvoorbeeld: konsulteer met werkers, nodige bewyse / papierwerk volledig voltooi / foto's neem en op rekord plaas. | Lede | Deurlopend |
| (d) | Lede versoek word om van Arbeidskonsultante soos die LWO te gebruik indien hulle onseker is. | Lede / Arbeidskonsultante | Deurlopend |
| (e) | Kontak Hoofkantoor indien enige probleme ondervind word met Arbeidsinspeksies. | Affiliasies / Lede Hoofkantoor | Deurlopend |
| (f) | Implementeringsdatum van Minimum Loon is 1 Mei 2018. | Implementerings-datum | 1 Mei 2018 |
| **12.3** | **LANDELIKE VEILIGHEIDSKOMITEE** | | |
| | ▪ Vergadering neem kennis van die Veiligheidskomiteeverslag wat ingebind is in die Aanhangsels.<br>▪ 'n Baie geslaagde Veiligheid Werksessie is op 15 Februarie 2018 gehou.<br>▪ Affiliasies neem kennis van die Landelike Veiligheidsdokumentasie wat beskikbaar is op Agri NW se Web-blad.<br>▪ Help SA *App*: Inligting is deurgestuur aan Affiliasies. Dit werk op data-sein!<br>▪ GIS-stelsel tot beskikking.<br>▪ Veiligheidsopleiding: Sal aan Affiliasies deurgegee word as dit gefinaliseer is.<br>**BESLUITE:** | | |
| (a) | Lede hulself bemagtig met die dokumentasie wat beskikbaar is op Agri NW se Webblad onder Spesialiteitskomitee: Veiligheid | Affiliasies / Lede | Deurlopend |
| (b) | Die verantwoordelikheid van die Munisipale- en Plaaslike Landbouverenigings om met hul plaaslike Polisiestasie oor die Grondbesetting-aangeleentheid te konsulteer en beplanning te doen oor die hantering daarvan. | Affiliasies / SAPD | Deurlopend |
| (c) | Affiliasies versoek word om die Gebeurlikheidsplanne en Wenke deur te gee aan hul lede. | Affiliasies / Lede | Deurlopend |
| (d) | Deurlopende skakeling te hou met die Polisiestrukture op Provinsiale Vlak. | Affiliasies / Lede | Deurlopend |
| (e) | Affiliasies versoek word om te sorg dat die Hoofkantoor oor die korrekte kontakbesonderhede van hul Veiligheidsverteenwoordiger beskik. | Affiliasies/ Hoofkantoor | Deurlopend |
| (f) | Affiliasies versoek word om enge probleme aan Hoofkantoor deur te gee sodat daar betyds gereageer en opgetree kan word. | Affiliasies / Lede | Deurlopend |
| **12.4** | **GRONDSAKE- EN LANDBOU-ONTWIKKELINGSKOMITEE** | | |
| | ▪ Die vergadering neem kennis van die Grondsake- en Landbou-Ontwikkelingskomiteeverslag wat ingebind is in die Aanhangsels. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ Affiliasies neem kennis van die Grondsake- en Landbou-Ontwikkelingskomiteedokumentasie wat beskikbaar is op Agri NW se Webblad.<br><u>Grondoudit</u>:<br>▪ Die Staat se Grondoudit bevat verskeie foute. Hiervolgens besit individue 26%. Die bewering is dat alle grond wat deur Maatskappye en Trusts besit word in wit mense se hande is. Grond in Staatsbesit kan soveel as 42% beloop. Die verskillende Grondoudits moet met mekaar versoen word soos voorgestel deur die OSV-Werkgroep<br>▪ Die Ouditresultate sal op 'n kaart aangebring word, insluitend die getal hektaar in Staatsbesit. Agri SA gaan poog om die Regering rondom 'n tafel te kry om Grondoudits te bespreek en ook te kyk na die moontlikheid om die BEE swart-eienaarskapsyfers by so 'n oudit in te werk, met die oog op 'n openbare rekord aangesien Maatskappye wel hul aandeelhouding en grondbesit bekend maak.<br><u>Onteiening sonder vergoeding</u>:<br>▪ Artikel 25 van die Grondwet maak voorsiening vir die beskerming van eiendomsreg sowel as vir grondhervorming. Dit skep klaarblyklik konflik. Hoewel die Grondwet eiendomsreg beskerm, maak dit ook vir die Staat moontlik om in te meng met sodanige regte. Artikel 25(10 reguleer die Staat se magte.<br>▪ Met ontneming word die Staat nie die eienaar van die eiendom nie en geen vergoeding is betaalbaar nie. Onteiening is 'n subkategorie van ontneming. Slegs die Staat kan grond onteien. Wanneer die Staat eiendom onteien, word die Staat die eienaar van die eiendom. As gevolg van die openbare belangbepaling in die Grondwet, is dit moontlik vir die Staat om eiendom te onteien en dan oor te dra aan 'n ander party.<br>▪ Artikel 25(3) handel oor vergoeding vir onteiening. Onteiening vereis regverdige en billike vergoeding en daar is inherente spanning tussen die openbare belang en belange van diegene wat daardeur geraak word.<br>▪ Die Onteieningswet van 1975 is steeds van toepassing. Die howe is geneig om terug te val op markwaarde as 'n verstekposisie, aangesien dit maklik is om te bereken in vergeleke met ander faktore. Howe het 'n plig om die betekenis van regverdige en billike vergoeding te interpreteer. Dit is in lyn met internasionale regspreek.<br>▪ Agri moet die Regering help om vorendag te kom met 'n konkrete formule vir die berekening van vergoeding ingevolge die faktore soos voorgestel in Artikel 25(3). Ernstige pogings moet gemaak word om vorendag te kom met 'n formule eerder as om oor te gaan tot onteiening sonder vergoeding. Eiendomsreg en grond-hervorming kan gebruik word om ekonomiese groei te ver-hoog. Onderliggende knelpunt moet geïdentifiseer word. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ Die EFF en ANC wil alle privaat huise en grond vat. Die EFF het voorgestel dat die Staat die bewaarder van alle grond moet wees. Die ANC het daardie gedeelte van die mosie uit die finale gewysigde resolusie verwyder.<br>▪ Die Resolusie teiken slegs wit grondeienaars. Hoewel dit ŉ groter impak op wit eienaars mag hê, word wit grond eienaars nie spesifiek geteiken nie. Die Grondwet bevat ŉ restoratiewe model, nie ŉ bestraffende model vir grondhervorming nie.<br>▪ Onteiening is internasionaal aanvaarbaar mits dit binne die oppergesag van die reg geskied. Op hierdie stadium is die wysiging van Artikel 25 slegs ŉ moontlikheid. Die Grondwetlike Hersienings-komitee is versoek om die moontlikheid van so ŉ wysiging te ondersoek.<br>▪ Daar is baie ongebruikte Staatsgrond wat vir grondhervorming aangewend kan word. Dit is belangrik om te onthou dat meeste hiervan kommunale grond is en dat daar gemeenskappe om dié kommunale grond woon. Kommunale grond is in die Staat se naam geregistreer en kan dus nie onteien word nie.<br>▪ Oplossings moet gevind word vir die sukkelende grondhervormingsplan. Dit is noodsaaklik om die behoeftes van die betrokkenes aan te spreek.<br>▪ Die publieke opinie rakende grondbesit is van kritiese belang. Daarom is Agri SA besig met ŉ weldeurdagte mediaveldtog om die publiek beter in te lig oor grondbesitpatrone en die potensiaal van privaat eiendomsreg en eiendomsekerheid, Die veldtog en moontlike Hofsake waar Agri SA namens sy lede hulle eiendomsreg gaan verdedig moet befonds word uit die vrywillige bydraes wat gemaak word aan die Agri SA Grond- en Omgewingsbewaringsfonds. Dit is van kritiese belang dat lede van Agri SA hulle hand versterk deur tot die Fonds by te dra. Agri SA het weer eens met die Msiza-saak bewys dat daar nie ŉ beter Organisasie in Suid-Afrika is om die waarde van sy lede se eiendom te beskerm nie.<br>▪ Gereelde en dramatiese veranderinge in eiendomsbesitpatrone is deel van die geskiedenis. Die individue en groeperings wat die vinnigste kon aanpas by die groot veranderinge het oor die langtermyn daarby gebaat. Die van ons wat innoverend, aanpasbaar en nugtere besigheidsbesluite in vertroue gaan neem sal soos ons voorgangers oor 10 jaar in ŉ beter posisie wees as vandag. Die sukses word vermeerder indien ons gesamentlik optree en daarom is vertroue in ons Georganiseerde Landboustrukture en is ons verkose leiers van kritiese belang.<br>▪ Agri SA was reeds in gesprek met kundiges soos Mohammed Karaan en ook met ander kundiges oor die saak sal beraadslaag.<br>**<u>BESLUITE:</u>** | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| (a) | Lede hulself bemagtig met die dokumentasie wat beskikbaar is op Agri NW se Webblad onder Spesialiteitskomitee: Landbou-Ontwikkeling. | Affiliasies / Webblad | |
| (b) | Affiliasies versoek word om inligting deurlopend deur te gee aan hul lede. | Affiliasies / Lede | Deurlopend |
| (c) | Vennootskapsverhoudings en eenheid is nou baie belangrik. Boere moet saamstaan al is jy lid van enige Landbou-Organisasie. Eenheid in Landbou is nou uiters belangrik, | | |
| (d) | Georganiseerde Landbou: Lede moet vertroue hê in sy Organisasie en hulle ten volle ondersteun. | | |
| (e) | Affiliasies se lede word versoek om by te dra tot die Grond- & Omgewingsfonds van Agri SA, aangesien befondsing uiters nodig is om lede se private eiendomsreg te beskerm. | Affiliasies / Lede | |
| (f) | Alle grondeienaars in Landbouverenigings se gebied genader word om by te dra tot die Fonds. | Belanghebbende grondeienaars | |
| (g) | Agri SA gaan 'n Grondberaad hou. Die detail sal aan Affiliasies deurgegee word. | Hoofkantoor / Affiliasies | Wanneer ontvang word van Agri SA |
| **12.5**<br>**12.5.1** | **KOMMERSIËLE KOMITEE**<br>**VERVOERKOMITEE** | | |
| | ▪ Mnr Nicol Muller se Voorsittersverslag is ingebind in die Aanhangsels. Sien verslag vir detail-inligting.<br>▪ Tydens die vergadering met die Departement het Agri NW hul kommer uitgespreek oor die monitering van die Kontrakteurs se kwaliteit werk en die Departement weer eens versoek om streng te kyk na die gehalte van die werk wat gelewer word.<br>▪ Daar is versoek dat Agri NW-verteenwoordigers saam met die Distriksbestuurders die inspeksies moet uitvoer – kwaliteit van die werk. Die Departement het dit so aanvaar en gesê hulle sal dit so doen. Daar word net beloftes gemaak om die verteenwoordiger saam te neem vir inspeksie, maar word nooit in kennis gestel nie.<br>▪ Distriksverteenwoordigers sal in die toekoms na die vergaderings met die Departement uitgenooi word.<br>**<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (a) | Die Regshulpfondsbydraes ten bedrae van R228.00 (BTW ingesluit) is deur die meerderheid Affiliasies gevorder en saam met lede se 2017/18-Affiliasiegeld oorbetaal. | | |
| (b) | Affiliasies versoek word om te sorg dat die Hoofkantoor oor die korrekte kontakbesonderhede van hul verteenwoordiger beskik. | Affiliasies/ Hoofkantoor | Deurlopend |
| (c) | Distriksverteenwoordigers sal in die toekoms na die vergaderings met die Departement uitgenooi word. | Distriksverteen-woordigers | Deurlopend |
| (d) | Distriksverteenwoordigers sal die kontrakteurs vergesel vir padinspeksies, alvorens betalings gedoen word; | DPWR / Kontrakteurs | Inspeksies |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| **12.5.2** | **ELEKTRISITEIT: TEENSTAND TEEN ESKOM-LYNHEFFINGS** | | |
| | **KENNISNAME:** | | |
| | ▪ Agri NW het ŉ Konsortiumooreenkoms met die Dispuutdienste aangegaan wat deur mnre Du Toit en Pienaar namens Agri NW onderteken is. | | |
| | ▪ PricewaterhouseCoopers het die Konsortiumooreenkoms gekontroleer om seker te maak dat Agri NW se bedrywighede nie op risiko is nie. PWC het bevind dat daar geen risiko vir Agri NW is nie. | | |
| | ▪ Die Konsortiumooreenkoms is beskikbaar by Hoofkantoor. | Hoofkantoor | |
| | **BESLUITE:** | | |
| (a) | Klagtes kan deur middel van die Klantenavraagvorm aan die Hoofkantoor deurgegee word vir verdere optrede / rapportering aan Eskom. | Affiliasies | Deurlopend |
| (b) | Mnre Boeta du Toit of Naude Pienaar kan geskakel by 082 388 1722 / 082 776 8283 vir enige verdere navrae in verband met die Dispuutdienste. | | |
| (c) | Die keerdatum vir die inhandiging van dispute is nog nie vasgestel nie. Sodra die datum vasgestel is sal die datum aan die Affiliasies deurgegee word. | Dispuutdienste / Affiliasies / Lede | As datum vasgestel is |
| **12.6** | **NATUURLIKE HULPBRONNE** | | |
| | Mnr Daan van der Merwe se Voorsittersverslag is ingebind in die Aanhangsels. Sien verslag vir detail-inligting. | | |
| | <u>Watersake:</u> | | |
| | Tans besig met die onderhandelingsproses van die Dispuut met die Departement van Waterwese en Sanitasie in verband met die buitensporige hoë watertariewe op Staatswaterskemas in die Noordwes Provinsie. | | |
| | **BESLUITE:** | | |
| (a) | ŉ Beroep word op lede gedoen om nie hul waterrekeninge te betaal nie en ook nie te reageer op NICS nie. | Lede / Affiliasies | |
| (b) | Kontak mnr Daan van der Merwe vir enige verdere navrae by 083 453 9706 of per E-pos by maswela@gmail.com. | Daan vd Merwe 083 453 9706 | |
| (c) | Die Dispuutdienste gaan ook gebruik word om ŉ dispuut te verklaar teen die Departement van Waterwese en Sanitasie vir die buitensporige hoër tariewe op Staatswaterskemas in die Noordwes Provinsie. | Dispuutdienste | |
| (d) | Affiliasies word versoek om die inligting van hul Spesialiteitsverteenwoordiger deur te gee aan Hoofkantoor. | Affiliasies | Deurlopend |
| | <u>Omgewingsake:</u> | | |
| | Mnr Piet Theron doen ŉ voorlegging in samewerking met mnr Michael Seiderer in verband met die beheer van Bankrotbos wat hulle tans doen by Swartruggens en Marico-Bosveld. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ Katbos blyk 'n groter probleem te wees as Bankrotbos.<br>▪ Die Departement van Omgewingsake het aangebied om fondse te voorsien en onkruiddoders gratis te voorsien – Wolmaransstad, Potchefstroom en Klerksdorp.<br>▪ Lede moet behulpsaam wees met rekordhouding.<br>▪ Groot impak hê op grasvelde en weiding verbeter.<br>▪ Opleidingsessie reël met lede en arbeiders.<br>**BESLUITE:** | | |
| (a) | Vroegtydige beheer van onkruide en indringerplante as dit min is, is belangrik. | | |
| (b) | Mnr Theron sal terugvoering en vordering deurgee aan die Hoofkantoor. | P Theron<br>Hoofkantoor | Sodra beskikbaar |
| (c) | Affiliasies word versoek om die inligting van hul Spesialiteitsverteenwoordiger deur te gee aan Hoof-kantoor. | Affiliasies | Deurlopend |
| **13.** | **BEDRYFSORGANSASIES** | | |
| **13.1** | **NOORDWES ROOIVLEISPRODUSENTE-ORGANISASIE** | | |
| | Mnr Sakkie van Zyl rapporteer kortliks as volg:<br>▪ BM-toetsing is weer normaal in die Noordwes Provinsie.<br>▪ Potchefstroom se Laboratorium is geakkrediteer. BM-toetsings is deur hulle gedoen.<br>▪ Enige probleme op grondvlak moet asseblief deurgegee word aan Hoofkantoor.<br>▪ Kommunikasie is belangrik. Enige uitbreek van aansteeklike siektes moet deurgegee word aan Hoofkantoor, sodat die Owerheid in kennis gestel kan word. Stel ook dan sommer die bure ook in kennis.<br>▪ Veediefstal. 22% styging van 2016/17. Weet nie of diefstal meer aangemeld word of meer diere gesteel is nie.<br>▪ Produsente meld dat SAP nie genoeg voertuie beskikbaar het nie. Gee klagte op skrif deur aan Hoofkantoor vir verdere optrede.<br>▪ Vrywillige Heffings is tans die NWRPO se hoofbron van inkomste. Lede word bedank vir hul aftrekkings wat by die Veilings gedoen word.<br>▪ NWRPO-Kongres vind plaas op 31 Mei 2018 te Klerksdorp by Senwes.<br>**BESLUIT:** | | |
| (a) | Affiliasies wat 'n behoefte het vir terugvoering deur die NWRPO by hul vergaderings moet dit asseblief skriftelik deurgee aan Hoofkantoor. | Affiliasies | |
| **13.2** | **GSA** | | |
| | ▪ Grondonteiening is hoofbespreking by Kongres. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ GSA het R3 Miljoen oorbetaal vir die Grond- & Omgewingsfonds van Agri SA.<br>▪ NAMPO-Skou vanaf 15 tot 18 Mei 2018. | | |
| **14.** | **AGRI SA: VERSLAGDOENING EN TERUGRAPPORTERING** | | |
| | Die Agri SA-aangeleenthede wat van belang is, is onder die onderskeie punte bespreek by die Spesialiteitskomitees. | | |
| **15.** | **AANVULLENDE SAKE** | | |
| | Geen. | | |
| **16.** | **DATUM VAN VOLGENDE VERGADERING** | | |
| | Die volgende vergadering is geskeduleer vir Dinsdag, 2018-06-19, om 09:00 by Lafarge Ontspanningsklub, Lichtenburg | | |
| **17.** | **BEDANKINGS** | | |
| | Die Voorsitter bedank afgevaardigdes vir hul deelname en waardevolle insette tydens die vergadering. ŉ Veilige terugreis word almal toegewens. | | |
| **18.** | **AFSLUITING EN VERDAGING** | | |
| | Mnr Vercueil sluit die vergadering af met ŉ gebed, waarna dit om 15:00 verdaag. | | |

……………………………………………………… ……………………………………… ………………………………………………………

**VOORSITTER** **DATUM** **SEKRETARIS**